## DEPARTMENT OF LABOUR

No. 1012 23 May 1975

FACTORIES, MACHINERY AND BUILDING WORK ACT, 1941

CONTINUOUS WORKING

I, Marais Viljoen, Minister of Labour, hereby, in terms of the first proviso to section 19 (1) (a) of the Factories, Machinery and Building Work Act, 1941, declare the manufacture of pitchfibre pipes as carried out by Santar Pipes (Pty) Ltd, in the Magisterial District of Germiston, to be an activity in which continuous working by means of three shifts per day is necessary.

M. VILJOEN, Minister of Labour.

---

No. 1013 23 May 1975

FACTORIES, MACHINERY AND BUILDING WORK ACT, 1941

CONTINUOUS WORKING

I, Marais Viljoen, Minister of Labour, hereby, in terms of the first proviso to section 19 (1) (a) of the Factories, Machinery and Building Work Act, 1941, declare the manufacture of charcoal as carried out by H.L. & H. Charcoal (Pty) Ltd, in the Magisterial District of Piet Retief, to be an activity in which continuous working by means of three shifts per day is necessary.

M. VILJOEN, Minister of Labour.

## DEPARTMENT OF MINES

No. 1003 23 May 1975

RESERVATION OF LAND FOR THE PURPOSE OF A TOWNSHIP

The State President has, in terms of section 184 of the Mining Rights Act, 1967 (Act 20 of 1967), reserved for the purpose of a township a portion of land held under mining title, approximately 48,521 5 hectares in extent, situate on the farm Witpan 62, Administrative District of Welkom, Mining District of the Orange Free State, Province of the Orange Free State, registered in the name of the Town Council of Welkom and as shown on a sketch plan, copies of which have been filed in the Mining Titles Office, Johannesburg, and in the office of the Mining Commissioner: O.F.S., Welkom, under RMT No. R50/74.

(19/5/1/349)

## DEPARTMENT OF NATIONAL EDUCATION

No. 987 23 May 1975

ACT 28 OF 1969

DECLARATION OF A NATIONAL MONUMENT

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Johannes Petrus van der Spuy, Minister of National Education, hereby declare the historic properties with the buildings thereon at 8, 15, 19, 21 and 23 Herte Street, and the adjoining Erf 653 at 6 Schreuder Street, Stellenbosch, to be a national monument.

*Description*

The historic properties with the buildings thereon at Herte Street and the adjoining Erf 653 at 6 Schreuder Street, consisting of the following properties:

1. The historic property at 8 Herte Street, being situate on—

(a) a certain piece of land on Herte Street, in the Municipality and Division of Stellenbosch, being Lot marked "A", portion of the lot granted to M. J. Voges

## DEPARTEMENT VAN ARBEID

No. 1012 23 Mei 1975

WET OP FABRIEKE, MASJINERIE EN BOUWERK, 1941

ONAFGEBROKE WERK

Ek, Marais Viljoen, Minister van Arbeid, verklaar hierby ingevolge die eerste voorbehoudsbepaling van artikel 19 (1) (a) van die Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk, 1941, dat die vervaardiging van pikveselpype soos uitgevoer deur Santar Pipes (Pty) Ltd, in die landdrosdistrik Germiston, 'n bedrywigheid is waarin onafgebroke werk deur drie skofte per dag noodsaaklik is.

M. VILJOEN, Minister van Arbeid.

---

No. 1013 23 Mei 1975

WET OP FABRIEKE, MASJINERIE EN BOUWERK, 1941

ONAFGEBROKE WERK

Ek, Marais Viljoen, Minister van Arbeid, verklaar hierby, kragtens die eerste voorbehoudsbepaling van artikel 19 (1) (a) van die Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk, 1941, dat die vervaardiging van houtskool soos uitgevoer deur H.L. & H. Charcoal (Pty) Ltd, in die landdrosdistrik Piet Retief, 'n bedrywigheid is waarin onafgebroke werk deur drie skofte per dag noodsaaklik is.

M. VILJOEN, Minister van Arbeid.

## DEPARTEMENT VAN MYNWESE

No. 1003 23 Mei 1975

UITHOU VAN GROND VIR DIE DOEL VAN 'N DORP

Die Staatspresident het 'n stuk grond kragtens myntitel gehou, ongeveer 48,521 5 hektaar groot, geleë op die plaas Witpan 62, administratiewe distrik Welkom, myndistrik Oranje-Vrystaat, provinsie Oranje-Vrystaat, geregistreer op naam van die Stadsraad van Welkom en soos aangetoon op 'n sketskaart waarvan afdrukke onder RMT No. R50/74 in die Mynbriewekantoor, Johannesburg, en in die kantoor van die Mynkommissaris: O.V.S., Welkom, bewaar word, kragtens artikel 184 van die Wet op Mynregte, 1967 (Wet 20 van 1967), vir die doel van 'n dorp uitgehou. (19/5/1/349)

## DEPARTEMENT VAN NASIONALE OPVOEDING

No. 987 23 Mei 1975

WET 28 VAN 1969

VERKLARING VAN 'N NASIONALE GEDENKWAARDIGHEID

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Johannes Petrus van der Spuy, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby die historiese eiendomme met die geboue daarop te Hertestraat 8, 15, 19, 21 en 23 en die aangrensende Erf 653 te Schreuderstraat 6, Stellenbosch, tot nasionale gedenkwaardigheid.

*Beskrywing*

Die historiese eiendomme met die geboue daarop te Hertestraat en die aangrensende Erf 653 te Schreuderstraat 6, bestaande uit die volgende eiendomme:

1. Die historiese eiendom te Hertestraat 8, synde geleë op—

(a) 'n sekere stuk grond aan Hertestraat, in die munisipaliteit en afdeling Stellenbosch, synde Perseel gemerk "A", gedeelte van die perseel toegeken aan

